

KWARTAAL 3

Week 21 en 22

Klink 'n glasier op jou gesondheid

Aktiwiteit 74: Vergaderings en vergaderingprosedures

Aktiwiteit 75: Lees oefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Leerders bestudeer die uitbeelding noukeurig.
 - 1.1 Watter twee simptome van verkoue word deur die man se kop uitgebeeld?
Hy het hoofpyn (warmwatersak op sy kop). Hy het koors (koorspen).
 - 1.2 Waarom kan die uitbeelding van die man se kop as paradoksaal (teenstrydig) beskou word?
As 'n mens koors het, sit jy nie 'n warmwatersak op jou kop nie.
 - 1.3 Watter klanknabootsende woord kom in dié uitbeelding voor? Verduidelik die gebruik van dié woord. Gee ook die korrekte Standaardafrikaans daarvoor.
Tiesoos. Dit kom van die Engelse woord *tissues*. Dit word so geskryf om die klank van 'n nies na te boots. Die korrekte Afrikaans is sneesdoekies of papiersakdoek.
2. Wat is die aard van die styl van hierdie teks? Gee die tekstipe sowel as die skryfstyl.
Informatief; humoristies.
3. Hoeveel virusse bestaan daar? Watter leestegniek het jy aangewend om die antwoord te kry?
100 virusse; soeklees.
4. Wat is die funksie van die ellips in paragraaf 1 en wat word daardeur bewerkstellig?
Pousering en afwagting. Dit hef die woorde *en verkoues* uit aan die einde van die sin.
5. Leerders bestudeer paragraaf 2 noukeurig.
 - 5.1 Water beeld word deur die woorde *slymerige tentakels* geskep? Verduidelik volledig en benoem die beeldspraak.
'n Verkoue wat jou beet het, word vergelyk met die voelhare van 'n dier. Amper soos die vangarms van 'n seekat. Metafoor.
 - 5.2 Wat merk jy op omtrent die frase *sonder dat jy 'n vinger in 'n teenaanval kan loods*? Verduidelik.
Dit is 'n samevoeging van twee uitdrukkings: "sonder dat jy 'n vinger verroer" en 'n "teenaanval loods".
6. Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as...

6.1 geneeswyse – **kuur** (paragraaf 3)

6.2 entstof – **vaksines** (paragraaf 4)

6.3 behalwe – **benewens** (paragraaf 18).

7. Skryf die kern van paragraaf 4 neer.

Daar is soveel virusse dat daar nie werklik iets teen 'n verkoue gedoen kan word nie.

8. Gee een woord uit die teks vir die volgende omskrywings...

8.1 nie vatbaar vir 'n siekte nie – **immuun**

8.2 'n versterkende middel wat jou energie gee – **tonikum**.

9. Wat is die verband tussen paragraaf 10 en 11?

In paragraaf 10 word die stelling gemaak dat daar nog nie bewys is dat inname van vitamien C en ander middels verkoue keer nie. In die daaropvolgende paragraaf word dié stelling versterk of bewys deurdat 'n geneesheer dit bevestig.

10. Waarom word die woord “beveel” in paragraaf 13 in aanhalingstekens geplaas?

Die woord word buite konteks gebruik. 'n Mens kan nie werklik jou brein beveel om iets te doen nie.

11. Verduidelik die gebruik van die verkleining in paragraaf 14.

Daar word minagtend na verkoue verwys, daarom die gebruik van die verkleinwoordjie.

12. Wie is die minste vatbaar vir verkoues?

Vroue.

Aktiwiteit 76: Brief aan die pers

Aktiwiteit 77: Geïntegreerde lees- en taaloefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Met watter paragraaf hou die titel direk verband?

Paragraaf 3. Daarin word die uitwerking van die middel weergegee.

2. Vergelyk die woord *is* in die volgende twee sinne:

Ibogaine *is* 'n ekstrak van die boomwortelbas (paragraaf 1).

Die iboga-plant *is* aan die Westerse wêreld bekend gestel.

Wat merk jy op omtrent die woordsoort waartoe die woord *is* in die onderskeie sinne behoort? Verduidelik.

In die eerste sin is die woord *is* 'n koppelwerkwoord. In die tweede sin is die woord *is* 'n hulpwerkwoord wat saam met die hoofwerkwoord *bekend stel* voorkom.

3. Benoem die volgende woordsoorte binne sinsverband.

3.1 Onttrekkingstekens (paragraaf 4) – **Soortnaam**.

3.2 Blyk (paragraaf 6) – **Koppelwerkwoord.**

4. Die woord *dertig* (paragraaf 3) is 'n bepaalde hooftelwoord. Haal 'n bepaalde rangtelwoord uit die teks aan.

Tweede (paragraaf 7).

5. In paragraaf 4 word die aanwysende woord *hierdie* twee keer in die direkte woorde van dr. Mash gebruik. Skryf nou die sin met dié twee woorde oor en vervang die tweede *hierdie* met 'n ander aanwysende woord.

Hierdie molekule is uniek, dié molekule doen iets...

6. Gee die korrekte vorm van die woord *doen* (paragraaf 4) in die volgende sin:
(**Gedane**) sake het geen keer nie.
7. Die woord *voorkom* in paragraaf 1 het betrekking.

- 7.1 Gebruik dié woord as 'n skeibare werkwoord, dus as twee woorde, in 'n kort sin.

Gebruik nou dié woord as 'n onskeibare werkwoord in 'n ander betekenisverband in 'n kort sin.

Dit kom in die berge voor. (Enige gepaste sin.)

***Voorkom* dat jy verkoue kry deur genoeg vars vrugte en groente te eet.**

- 7.2 Die woord *voorkom* word dus as 'n skeibare en onskeibare werkwoord gebruik. Onderstreep die woorddeel wat die hoofklem dra as dit onderskeidelik as (a) 'n skeibare en (b) 'n onskeibare werkwoord gebruik word.

(a) Skeibare werkwoord: voorkom.

(b) Onskeibare werkwoord: voorkom.

8. *Hierdie molekule is uniek* (paragraaf 4). Hier word die byvoeglike naamwoord predikatief gebruik. Skryf die sin oor en gebruik nou die byvoeglike naamwoord attributief.

Die unieke molekule...

9. Haal 'n voegwoord uit paragraaf 5 aan en dui die verband van dié voegwoord aan.

Maar, teenstellende verband.

10. Let by die beantwoording van die volgende vrae op funksiewisseling.

- 10.1 Die woord *kan* (paragraaf 5) word as 'n hulpwerkwoord gebruik. Maak nou 'n kort sinnetjie met dié woord as 'n selfstandige naamwoord.

Enige sin met *kan* as selfstandige naamwoord: Hy koop 'n kan vol petrol.

- 10.2 Die woord *toetse* (paragraaf 5) word as 'n selfstandige naamwoord gebruik. Gebruik nou die woord *toets* as 'n werkwoord in 'n sin.

Enige sin met die woord *toets* as werkwoord: Ek toets die meter om te sien of dit nog werk.

11. Maak kort sinne met die homofone van die woorde *blyk* (paragraaf 6) en *feit* (paragraaf 6) sodat die betekenis duidelik daaruit na vore kom.

Enige sin met *bleik*: Ek bleik my klere om dit lig te kry.

Enige sin met *fyt*: Ek het 'n fyt aan my vinger en moet dokter toe gaan.

12. Die woorde *ten* en *van* in paragraaf 7 is voorsetsels. Skryf die volgende sinne oor en onderstreep die voorsetsel wat jy gebruik het.
 - 12.1 Hy is 'n goeie spreker en praat sommer so **uit** die vuis.
 - 12.2 Die feite mag nie **buite** rekening gelaat word in die verslag nie.
 - 12.3 Die verslag oor die dwelms is **ter** insae vir almal om te lees.
13. Skryf die basis van die volgende woorde neer:
 - 13.1 rituele (paragraaf 1) – **Ritus**.
 - 13.2 rasionele (paragraaf 6) – **Rede**.
14. Die woord *wat* in die sin *wat 'n boek geskryf het* (paragraaf 2) is 'n betreklike v oornaamwoord. Gee die korrekte voornaamwoord in die volgende sinne:
 - 14.1 Dit is nie sy verslag nie, maar dr. Mash **s'n**.
 - 14.2 Die plant **waarvan** daar in die teks sprake is, kan baie help om verslaafdes te genees.
 - 14.3 Die verslaafde **van wie** daar in die teks sprake is, is reeds genees.

Week 23 en 24

Gesond na liggaam en gees

Aktiwiteit 78: Seuns se lastige lompheid!

Aktiwiteit 79: Leesoefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die visuele uitbeelding noukeurig.
 - 1.1 Hierdie gesin word nie net etend uitgebeeld nie, maar ook... **passief**.
 - 1.2 Wie is aan die woord en waaruit het jy dié afleiding gemaak?
Die pa is aan die woord. Die ma sowel as die seuntjie kyk vir hom.
 - 1.3 Waaruit kan jy aflei dat hulle genoeg proviand het?
Die koelkas loop oor en almal het kos of iets te drinke in die hande.
 - 1.4 Watter seisoen word uitgebeeld? Waaruit maak jy dié afleiding?
Dit is somer. Die son skyn en hulle sit op die strand. Die man drink bier en die vrou en kind eet roomys (gewoonlik as dit warm is).
 - 1.5 Beskryf dit wat hulle eet in een enkele woord. **Gemorskos.**
2. Watter dubbele betekenis kan daar aan die titel geheg word?
Dit kan dui op moeilike tye, maar dit kan ook verwys na gewigtige (vet, of letterlike swaar) tye.
3. Watter enkele woord in paragraaf 1 dui aan dat die gedagte aan 'n wêreld vol soetgoed genot aan die spreker verskaf? **Heuglik.**
4. Word die woorde *'n wag voor jou mond* letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik.
Figuurlik. Jy moet net waak oor dit wat jy eet of sê.
5. "Ongesond en onooglik" het betrekking (paragraaf 2).
 - 5.1 Hoe word dié sin uitgehef? Noem twee middele wat daartoe bydra.
Kort sin. Herhaling van die voegsel "on-".
 - 5.2 Hierdie sin is onvolledig. Skryf die volledige sin oor.
Dit is ongesond en onooglik.
 - 5.3 Gee die betekenis van die voorvoegsel *on-* by elk van die twee woorde.
Ongesond: on = nie
Onooglik: on = sleg vir
6. Waarom word die woord "*oortollige*" (paragraaf 2) in aanhalingstekens geskryf?
Dit is nie werklik oortollig nie. Maer mense sien dit as oortollig. Die woord word buite konteks gebruik.

7. Watter ironiese kontras kom daar in die eerste sin van paragraaf 5 voor?
Gewoonlik word kalorieë getel om jou kosinname te beperk. Nou word dit getel om te sorg dat jy genoeg inkry.
8. Gee 'n ander woord vir *uurglasfiguurtjie* in die volgende sin: sy het 'n... lyfie.
Vietse.
9. Watter suggestie lê daar verskuil in die woorde *hul moeder se oorvloedige beskerming* (paragraaf 6)?
Dit dui op die moeders se warmhartigheid en dat hulle die kinders styf teen hulle mollige boesem vasdruk.
10. Waarom word die woord (*versterkte*) (paragraaf 7) tussen hakies geplaas?
Dit beklemtoon dat modelle maar vet kan wees.
11. Verduidelik wat 'n *spa* is.
Dit is 'n oord waarheen mense gaan om gesondheidsredes. Dikwels om stres te ontlaai of om te ontgif (detoks) of om gewig te verloor. Gesondheidskos word voorgesit.
12. Verduidelik die progressie wat in paragraaf 8 voorkom, volledig.
Van 'n suurlemoenskyfie wat nie vet maak nie tot 'n hele suurlemoen-meringue-tert wat baie vetmakend is.
13. Watter woordspeling in paragraaf 9 pas direk by die inhoud van die teks aan?
Die woorde “vet klap” pas direk by die inhoud wat oor vet handel, aan.
14. Wie sou die *ondergrondse sekte* (paragraaf 12) aanhang?
Die minderheid maer mense in 'n oorwegend vet wêreld.
15. “... en 'n vrou 'n man wat sy gewig kan rondgooi” (paragraaf 14).
- 15.1 Gee die letterlike interpretasie van bostaande.
As hy beweeg, word sy gewig (byvoorbeeld vet pens) letterlik rond gegooi.
- 15.2 Gee die figuurlike betekenis van bostaande.
Om jou gesag te wil afdwing.
16. Verduidelik die woordspeling wat voorkom in die woorde *só kry elke potjierol*.
Daar word gewoonlik gesê dat elke pot sy deksel kry betekende dat elke meisie 'n man kry. Hier word die woord *pot* vervang met die woord *potjierol* om aan te sluit by die inhoud van die teks.
17. Bestudeer paragraaf 15 noukeurig.
- 17.1 Waarom is dit verskoonbaar as jy vyf voor elf die aand na 'n 7-Eleven toe draf?
Jy mag slegs soontoe draf om kos te gaan koop.
- 17.2 Watter afleiding kan jy uit die naam van die winkel maak?
Dit is oop van sewe-uur soggens tot elfuur saans.
18. “En waar tydskrifte soos *Vleisgenoot* behoorlik van die rak spring.” (paragraaf 16)

- 18.1 Verduidelik die woordspeling wat in bostaande voorkom.
Die woordspeling met die tydskrif *Huisgenoot*. Die gebruik van die woord *vleis* beklemtoon dat dié tydskrif waarskynlik net oor kos gaan handel.
- 18.2 Hoe word dit uitgehef dat dié tydskrif goed verkoop?
Die werkwoord *spring* dui daarop dat dié tydskrif goed verkoop.

Aktiwiteit 80: Die studie van letterkunde – drama

Aktiwiteit 81: Liefde, die medisyne van die gees

Aktiwiteit 82: My eie spellys

Aktiwiteit 83: Geïntegreerde taalleer

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Leerders bestudeer die visuele uitbeelding noukeurig. Maak 'n transparant van hierdie foto en wys die leerders op wat daaruit afgelei kan word.
 - 1.1 Hou die foto verband met die titel? Motiveer jou antwoord.
Die foto sluit direk by die titel *Eet minder, leef langer* aan, want dit is 'n foto van twee mans wat baie oud is. Hulle is ook maer wat daarop dui dat hulle min eet.
 - 1.2 Dui die kontras sowel as die ooreenkomste aan tussen die figure op die foto.
Kontras: oud teenoor jonk.
Ooreenkomste: al die persone op die foto is maer en almal dra hoede.
2. Die woord *vreet* (paragraaf 1) word as 'n werkwoord gebruik. Vorm 'n selfstandige naamwoord van dié woord in die volgende sin: Jy het regtig 'n pragtige (*vreet*).
Gevreetjie.
3. Benoem die volgende woordsoorte volledig:
 - 3.1 Amerika (paragraaf 1) – **Eienaam.**
 - 3.2 soveel (paragraaf 1) – **Onbepaalde hooftelwoord.**
 - 3.3 splinternuwe (paragraaf 2) – **Byvoeglike naamwoord, attributief gebruik.**
4. Skryf die getal in die subtitel voluit.
Honderd en sewentig.
5. Gee twee intensiewe vorme vir die woord *vet* (paragraaf 1) en dui aan hoe dit gebruik word.
***Spekvet* word gebruik om mense te beskryf en *moddervet* word gebruik om vee te beskryf.**
6. Gebruik die skeibare werkwoord uit paragraaf 1 geskei (dus as twee woorde) in 'n sin.
Hy *honger* homself *uit*, want hy wil oor 'n week in sy broek pas.
7. Gee die korrekte vorm van die woord *begin* in die volgende sin:
Dit is 'n (nie begin) taak om hom te oorreed om sy kos te eet. **Onbegonne.**

8. Verduidelik hoekom die woorde *in pleks van* (paragraaf 3) as kontaminasie beskou kan word.

Dit is 'n samevoeging van *in plaas van* en *in die plek van*.

9. Skryf die meervoud van die woord *dieet* in die volgende sin neer:

Sy het al op verskillende (dieet) gegaan, maar sy bly steeds vet. **Diëte.**

10. Gee twee meervoude vir die woord *laboratorium* (paragraaf 3).

Laboratoriums en laboratoria.

11. Die woord *gesit* kom in paragraaf 4 voor. Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sinne:

11.1 Die (uitgesit) huurders was bitter ongelukkig omdat hulle nou op straat sit sonder 'n dak oor die kop. **Uitgesette.**

11.2 Hulle is ou (insit) van die dorpie. **Ingesetenes.**

12. Die woord *honger* word in paragraaf 4 gebruik. Wat is 'n hongersnood?

Onderskei dan ook tussen 'n watersnood en 'n waternood.

'n Hongersnood is wanneer daar te min kos in die land is (te veel honger).

'n Watersnood is wanneer daar te veel water is, 'n oorstroming. Waternood is wanneer daar 'n tekort aan water is.

13. Die woord *reageer* word in paragraaf 5 as 'n werkwoord gebruik. Vorm nou 'n selfstandige naamwoord van dié woord in die volgende sin:

Die (reageer) van die rotte was verstommend. **Reaksie.**

14. Haal die infinitief uit paragraaf 5 aan.

Die infinitief is *te sê en om vas te stel*.

15. Gebruik die bepaler van die woord *watervlooië* as 'n kern in 'n samestelling.

Enige samestelling met *water* as kern: vaarwater, drinkwater, putwater, brakwater, ensovoorts.

16. Skryf neer of die volgende woorde samestellings, afleidings of samestellende afleidings is.

16.1 ongelukkig (paragraaf 5) – **Afleiding.**

16.2 laboratoriumrot (paragraaf 5) – **Samestelling.**

16.3 verouderingsproses (paragraaf 6) – **Samestellende afleiding.**

17. Vorm 'n selfstandige naamwoord van die woord *beproof* (paragraaf 7) in die volgende sin:

Die (beproof) is groot om nie dadelik 'n uithongerdieet te volg nie. **Beprowing.**

18. Dr. is die afkorting vir dokter. Gee die afkortings van die volgende woorde:

18.1 Geïllustreerde – **geïll.**

18.2 Paginas (bladsye) – **pp.**

18.3 Per persoon – **p.p.**

18.4 Intelligensiekwosient – IK

19. Skryf die basis van die woord *ongeskonde* (paragraaf 8) neer. **Skend.**
20. Die woord *ingeneem* (paragraaf 8) word as 'n werkwoord gebruik. Vorm 'n selfstandige naamwoord van dié woord in die volgende sin:
Die oormatige (ingeneem) van alkohol bevorder die verouderingsproses. **Inname.**
21. Uit watter twee basiswoorde is die woord *lewensverwagting* (paragraaf 9) saamgestel?
Leef + wag.
22. Haal een woord uit die teks wat dieselfde beteken as...
- 22.1 10 jaar – **dekade (paragraaf 5)**
- 22.2 100 jaar – **eeu (paragraaf 9).**

Aktiwiteit 84: Deelwoorde

Voorgestelde antwoorde

Hoë stresvlakke is **verwoestend** op vele terreine. Dit benadeel jou immuunstelsel en maak jou vatbaar vir siektes. **Verhoogde** stresvlakke is nie net sleg vir jou liggaam nie, maar kan jou gees ook 'n knou toedien en veroorsaak selfs depressie. Daar is baie faktore wat **stremmend** op die mens kan inwerk.

Die mens peins **broeiend** oor probleme waaraan niks gedoen kan word nie. Probleme lyk soms **onoorkombaar** te wees. 'n Mens moet jou daarvan distansieer en besef dat **gedane** sake geen keer het nie.

Daar word dikwels onnodige druk op leerders geplaas om te presteer en klem word **voortdurend** op **onbesproke** gedrag gelê. As hulle luidkeels en **opgewonde** vertel van 'n besondere aangename ondervinding, word hulle summier die mond gesnoer en uitgeskel dat hulle 'n **geswolle** hoof het. Dit kan bydra tot 'n **geskonde** eer en **verhoogde** spanning.

Onverwerkte stres kan 'n jeugdige maklik na **onbesonne** ontvlugtingsmetodes soos drank en dwelms dryf en **verbode** vrugte smaak tog so soet.

Ontlaai jou stres deur by 'n vertroueling agter **geslote** deure stoom af te blaas. Dit is goed om **ononderbroke** jou diepste emosies aan 'n vriend bloot te lê. Na so 'n ontboeseming sal jy sommer stukke beter voel. Die **gesproke** woord het 'n helende invloed.

Baie spanning kan voor die deur van die **oordrewe** beklemtoning van kompetisie gelê word.

In die **gejaagde** lewe van vandag hunker die mens na **vervloë** dae toe daar bitter min spanning was en elkeen **geborge** gevoel het.

'n **Beproefde** manier om van die spanning ontslae te raak, is om met volle **oorgawe** te ontspan en dit te geniet. Na 'n goeie ruskans sal jy met **herwonne** ywer weer kans sien vir die lewe.

Week 25 en 26

Die diereryk

Aktiwiteit 85: Onvoorbereide toespraak

Wys leerders op die volgende aspekte rakende onvoorbereide toesprake:

1. Lees die onderwerp noukeurig deur en maak seker dit word verstaan.
2. Onderstreep die kernwoorde van die onderwerp sodat daar nie misgetas word en dit gevolglik verkeerd geïnterpreteer word nie.
3. Skryf kernwoorde neer.
4. Praat met selfvertroue en maak oogkontak met die gehoor.
5. Gebruik gepaste handgebare.
6. Gebruik gepaste en doeltreffende woordeskat en taalstrukture.
7. Gebruik 'n effektiewe inleiding en slot.

Gee aan die leerders een van onderstaande onderwerpe. Die leerders kry 10 minute om hulle praatjies voor te berei.

Onderwerpe vir onvoorbereide toespraak

- Vuurwerke en die skiet van klappers is nadelig vir troeteldiere en moet verbied word.
- Troeteldiereienaars versorg nie hulle troeteldiere na wense nie.
- Die aanhou van voëls in hokke is wreed en moet verbied word.
- Besoedeling in die riviere is nadelig vir die waterlewe.
- Oordrewe verknogtheid aan troeteldiere is siek.
- Perde kan as terapie vir psigiese en fisiese gestremdheid aangewend word.
- Troeteldiere word dikwels verkeerdelik in aftree-orde verbied.
- Honde is 'n blinde se beste vriend.
- Polisiehonde kan verkeie misdade oplos.
- Om wilde diere as troeteldiere aan te hou, is nie verantwoordelik nie.
- Om slange uit hulle natuurlike habitat te verwyder en as troeteldiere aan te hou, is nie wenslik nie.
- Sirkusdiere word dikwels mishandel.
- Eksperimente op diere is wreed en moet verbied word.
- Ander onderwerpe kan na willekeur bygevoeg word.

Aktiwiteit 86: Woordeskat-ontwikkeling en taalgebruik

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hoe word die fokus in die foto op die oë van die uil gevestig?
Die dokter werk aan die oog en fokus sodoende die aandag op die oog.
2. Skryf die kontras in paragraaf 1 neer en verduidelik hoe dit uitgehef word.
'n Groot uil wat verhonger is. Die woorde word deur die spreker beklemtoon of benadruk of harder gesê.
3. Watter woord sê dat hulle nie seker is dat die uil wel vrygelaat kan word nie?
Dalk.
4. Waarom is *Minerva* 'n gepaste naam vir die uil?
Minerva was die Romeinse godin van wysheid. 'n Uil word gewoonlik met wysheid geassosieer. Daarom is dit 'n gepaste naam.
5. Hoe lank het die operasie geduur? **2 uur lank.**
6. Haal een woord aan vir 'n mediese ondersoek na 'n herstelperiode.
Opvolgondersoek.
7. Verduidelik wat met *ons vir ons* bedoel word.
Dit is (verouderde) gewigmate. Dit beteken dieselfde as *gram vir gram*.
8. Watter beroep beoefen Sue en Jerry Theys? Verduidelik volledig wat dié beroep behels.
Hulle is wildediere- rehabiliteerders. Hulle help (versorg) verswakte wilde diere en laat hulle dan weer in die natuur vry.
9. Watter siekte het die uil onder lede gehad wat haar so laat verswak het? Verduidelik.
Sy het katarakte aan haar oë gehad en kon nie sien om haar prooi te vang nie.
10. Waarom was daar 'n paar lense beskikbaar?
Die uil vir wie hulle die lense gemaak het, was nie 'n geskikte kandidaat vir 'n oorplanting nie.
11. Gee een woord uit die teks vir *'n stof van swamme en kieme verkry wat lewende organismes (soos bakterieë) vernietig of hulle ontwikkeling rem*.
Antibiotika.
12. Slaan die betekenisse van die volgende idiome na:
 - 12.1 Elkeen dink sy uil is 'n arend.
Elke ouer dink sy kind is wonderlik.
 - 12.2 Hy voel soos 'n uil onder die arende.
Hy voel hy is 'n bespotting vir almal.
 - 12.3 'n Mens bring nie uile na Athene nie.
'n Mens doen nie onnodige werk nie.

13. Slaan die verklaring van die idiomatiese benaming *uilskuiken* na.

Dit word gesê van iemand wat dom is.

Aktiwiteit 87: Die studie van die letterkunde – gedigte

Aktiwiteit 88: Skryf 'n dialoog

Aktiwiteit 89: Sinsleer

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Ontleed die volgende enkelvoudige sin in gesegde, onderwerp, voorwerp (direk en indirek) en die bepalings:

Thabu vat die hond van die bure elke dag vir 'n wandeling.

Onderwerp: Thabu

Gesegde: vat

Direkte voorwerp: die hond

Indirekte voorwerp: vir 'n wandeling

Byvoeglike bepaling by hond: van die bure

Bywoordelike bepaling van tyd: elke dag

2. Gebruik die sin: "Anna borsel..." en brei dit as volg uit:

2.1 Brei die sin uit deur 'n voorwerp by te voeg.

Anna borsel die kat.

2.2 Brei die onderwerp uit deur 'n byvoeglike bepaling te gebruik.

Anna, die katkenner, borsel die kat.

2.3 Brei die gesegde uit deur 'n bywoordelike bepaling by te voeg.

Anna borsel die kat elke dag.

2.4 Brei die sin uit deur 'n neweskikkende sin by te voeg.

Anna borsel die kat, want sy hare val uit.

Anna borsel die kat en gooi vlooiptoeier op.

2.5 Brei die sin uit deur 'n byvoeglike bysin by te voeg.

Anna borsel die kat wat sy in Pretoria gekoop het.

3. Verkort die volgende sinne deur een woord vir die skuinsgedrukte gedeelte te gee:

3.1 Die vreemde insek is deur die *man wat insekte bestudeer* geïdentifiseer.

Entomoloog.

3.2 Foto's van *verskillende plant- en diersoorte* van ons land kom in die boek voor.

Fauna en flora.

3.3 Die perderuiters neem deel aan die *sportbyeenkoms vir perde en ruiters*. **Gimkana.**

3.4 Die *wild wat beskerm word deur die staat*, mag nie geskiet word nie. **Kroonwild.**

3.5 Die *kenner van voëls* het die Voëlkykersvereniging toegesprek. **Ornitoloog.**

- 3.6 Die *persoon wat onophoudelik en aanmekeer praat en gesels* is 'n steen des aanstoots vir die voëlkykers wat stilte verkies. **Windorrel.**
- 3.7 Ons het die *plek waar waterdiere en -plante gehou word*, besoek. **Akwarium.**
- 3.8 In die Biologiese klas is daar 'n *versameling gedroogde plante* wat gebruik word ter illustrasie. **Herbarium.**
- 3.9 *Die persoon wat velle behandel en dit dan weer tot sy natuurlike vorm opstop*, het aan die jagter 'n lewensgetroue springboktrofee oorhandig. **Taksidermis.**
4. Benoem die volgende soorte sinne. Kies uit die volgende: stelsin, vraagsin, bevelsin, uitroepsin, wenssin, begroeting.
- 4.1 Die seekoeikoei het haar in die moddergat tuisgemaak. **Stelsin.**
- 4.2 Is daar 'n luiperd in die mik van die boom? **Algemene vraagsin.**
- 4.3 Gaan slag nou dadelik die bok af en was die messe. **Bevelsin.**
- 4.4 Goeie môre! Wanneer gaan julle die leeu se spore volg? **Begroeting. Spesifieke vraagsin.**
- 4.5 Mag julle 'n suksesvolle jagtog beleef. **Seënwen / wenssin.**
- 4.6 Pasop, die gekwete buffel is gevaarlik! **Uitroepsin.**
5. Skryf neer of die volgende algemene of spesifieke vraagsinne is:
- 5.1 Deur wie is die boek oor ape geskryf? **Spesifieke vraagsin.**
- 5.2 Is daar nog wildehonde in die wildtuin te sien? **Algemene vraagsin.**

Verrykingsvrae

6. Daar is drie soorte selfstandige bysinne: onderwerpsin, voorwerpsin en gesegdesin.
- 6.1 Brei die vetgedrukte onderwerp uit tot 'n onderwerpsin: **Dit is waar.**
Wat jy van die miere se gedrag gehoor het, is waar.
- 6.2 Brei die vetgedrukte voorwerp uit tot 'n voorwerpsin: Die jagter vertel 'n leuen.
Die jagter vertel dit wat nie waar is nie.
- 6.3 Skryf die volgende sin oor en onderstreep die gesegdesin: Dit blyk dat die jagter nie 'n permit het nie.
Dit blyk dat die jagter nie 'n permit het nie.

Aktiwiteit 90: Allesomvattende oefening: lees en kyk en geïntegreerde taalleer

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter suggestie lê daar verskuil in die woorde *Liewe aarde* aan die begin van dié teks? (1)
Hy is lief vir die aarde en wil dit bewaar. (1)
2. Watter dubbele betekenis lê daar in die titel opgesluit? (2)

- Dit kan dui op die rugbyleeus in 'n lynstaan. (1) Dit dui egter hier op die leeus wat soos 'n sportspan jag. (1)** (2)
3. Watter twee paragrawe sluit direk by die subtitel aan? (1)
Paragraaf 9 en paragraaf 10. (1)
4. Wat is die “*Groot Vyf*” waarvan daar in paragraaf 2 sprake is? (1)
Dit verwys na die volgende: leeus, olifante, buffels, renosters en luiperds. (1)
5. Hoe word dit uitgehef dat hulle eers vrugtelos na die leeutrop gesoek het? (1)
Agterplasing van die woord *tevergeefs*. (1)
6. Leerders bestudeer paragraaf 4 noukeurig.
 6.1 Haal 'n vergelyking uit dié paragraaf aan. (1)
“... haak sy naels nes (net soos) 'n huiskat...” (1)
- 6.2 Haal 'n metafoor uit dié paragraaf aan en verduidelik. (2)
“spel van spiere” (1). Die spiere beweeg soos in 'n spel (1). (2)
- 6.3 Wat word deur die ongewone woordkeuse *krómrug* en die beklemtoning van dié woord, bewerkstellig? (1)
Dit bewerkstellig dat die leser byna visueel sien hoe die leeu kromrug trek. Enige gepaste antwoord. (1)
7. Watter funksie vervul die parentese (inlassin) in paragraaf 5? (2)
Dit beklemtoon die woede van die leeuwyfie en hef die woorde – *met haar hele liggaam trillend van woede* – uit. (2)
8. Haal 'n enkele woord as bewys aan dat Dave Pepler hierdie leeubrul met sy hele wese ervaar het. (1)
Déúrlewe. (1)
9. Noem die raakpunte in die vergelyking in paragraaf 7. (1)
Ystervylsels wat deur 'n magneet aangetrek word, wys almal in dieselfde rigting. Net so kyk die leeus ook almal in een rigting. (1)
10. Watter funksie vervul die retoriese vraag in paragraaf 8? (1)
Dit betrek die leser by die vraag sodat die leser dit kan deurdink. (1)
11. Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as...
 11.1 dierkunde (die wetenskap wat diere bestudeer) (1) – **Soölogie** (1)
 11.2 iets volgens sy oorspronklike vorm saamstel (1) – **Rekonstrueer.** (1)
12. Gee 'n sinoniem vir die woord *eiesoortige* (paragraaf 2). (1) **Unieke.** (1)
13. Die woord *oerlui* (paragraaf 3) het betrekking.
 13.1 Voegsels kan ook betekenis dra. Gee die betekenis van die voorvoegsel *oer-* in dié woord. (1)
Die voorvoegsel *oer-* beteken *baie oud* – dus baie lui. (1)

13.2 Gee 'n idioom vir iemand wat baie lui is wat by bostaande pas. Die woorde *vleis eef* kom in dié idioom voor. (1)

Hy het van Koerland se vleis geëet. (1)

14. Haal 'n woord uit paragraaf 3 aan waarin daar klanknabootsing voorkom en verduidelik watter klank nageboots word. (2)

Die woord *piets* is klanknabootsing (1) van die geluid wat die stert maak as hy vlieë wegjaag (1). (2)

15. Gee die meervoud van die volgende woorde:

15.1 kamera (paragraaf 3) (1) – **Kameras (1)**

15.2 rug (paragraaf 4) (1) – **Rûe (nie rûens nie – dit verwys na randjies). (1)**

16. Skryf die woord boosaardig (paragraaf 5) oor en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra. (1) **Boosaardig. (1)**

17. Die woord *gevind* word in paragraaf 6 gebruik. Gee die korrekte vorm van die woord *vind* tussen hakies:

Hierdie opname van die leeus was 'n ware (vind) vir die televisieprogram. (1) **Vonds. (1)**

18. Gee die verkleining van die woorde tussen hakies wat almal in paragraaf 6 voorkom, in die volgende sinne:

18.1 Die kleinste (beweging) word fyn dopgehou. (1) – **Beweginkie (1)**

18.2 Die klein (luislang) is net 'n dag oud, maar sy (oë) is reeds oop en wakker. (2) – **Luislangetjie (1) en ogies (1). (2)**

18.3 Hy seil langs die klein (stofpad). – **Stofpaadjie (1)**

19. Croc is **van** mening dat... (paragraaf 6). Die woord *van* is 'n voorsetsel. Skryf die volgende sin oor en voltooi die voorsetsel: (1)

Dit is (**deur**) Croc se toedoen dat hulle die leeus op film kon vaslê. (1)

20. Die woord *verveelde* word in paragraaf 6 gebruik. Gebruik kort sinne om tussen *verveeld* en *vervelig* te onderskei. (2)

'n Mens is verveeld as daar niks is om te doen wat jou belangstelling prikkel nie (1). Dit was 'n vervelige toespraak oor slange (1). (2)

21. "Op pad na die vlakte vang my oog 'n skielike beweging in die sandpad." (paragraaf 6)

21.1 Skryf die onderwerp van dié sin neer. (1) – **My oog. (1)**

21.2 Skryf die voorwerp van dié sin neer. (1) – **'n Beweging. (1)**

21.3 Skryf die byvoeglike bepaling neer. (1) – **Skielike. (1)**

21.4 Skryf die bywoordelike bepaling van plek neer. (1) – **In die sandpad. (1)**

22. "Het jy al ooit 'n leeu wat in die lang gras lê van agter bekyk?" (paragraaf 8). Verander hierdie algemene vraagsin in 'n spesifiek vraagsin. (1)

Wanneer het jy al ooit 'n leeu wat in die lang gras lê van agter bekyk? (1)

23. Gee die korrekte vorm van die woorde *verdwyn* (paragraaf 8) en *bewys* (paragraaf 9) in die volgende sin: (2)

Dit is 'n (**bewese**) feit dat die (**verdwene**) leeu deur 'n wilddief geskiet is, want die leeu se vel is in sy besit gekry. (2)

24. Skryf slegs die basis van die volgende woorde neer:

24.1 ondenkbaar (paragraaf 5) (1) – **Dink.** (1)

24.2 gesogte (paragraaf 9) (1) – **Soek.** (1)

25. Daar is twee woorde in die teks waar ánder intensiewe vorme gebruik word as die gebruikelike. Haal dié twee woorde aan en gee die gewone of gebruikelike intensiewe vorm daarvan. (3)

Stoofswart (1); stikdonker (1); pikswart of pikdonker (1). (3)

26. Skryf Dave Pepler se direkte woorde in paragraaf 12 in die indirekte rede oor. Begin jou sin so: Dave sê... (1)

Dave sê dat net toe hulle wegry van die jagtoneel, begin die reën val. (1)

27. Bestudeer die volgende illustrasies van idiome. Skryf die idioom asook die verklaring van die idioom neer. (2 + 2)

27.1 **Moenie 'n gegewe perd in die bek kyk nie. (1) Mens mag nie 'n geskenk kritiseer nie. (1)** (2)

27.2 **Jakkals trou met wolf se vrou. (1) Dit reën terwyl die son skyn. (1)** (2)

[50]

Week 27 en 28

Fauna en Flora

Aktiwiteit 91: Onvoorbereide toespraak

Aktiwiteit 92: Maak 'n opsomming

Voorgestelde antwoord

Hoofgedagtes in kernwoorde

tropgebonde
jagtersinstink
verdedigingsywer
kommunikasie
reaksie
uitsluiting
stres
sosialisering en opleiding

Kerngedagtes in volsinne omskryf

1. Alle negatiewe gedrag kan na drie basiese instinkte herlei word. (10 woorde)

XXXX

2. Honde begeer om deel van 'n trop te wees. (9 woorde)

XXXX

3. Jagtersinstink is deel van 'n hond. (6 woorde)

XXXX

4. Honde het 'n ingebore verdedigingsdrang. (5 woorde)

XXXX

5. Blaf is vir honde 'n vorm van kommunikasie. (8 woorde)

XXXX

6. Hoe op 'n hond se geblaf gereageer word, is belangrik. (10 woorde)

XXXX

7. Uitsluiting uit hul huise veroorsaak 'n geblaf. (7 woorde)

XXXX

8. Stres by eienaars asook by honde laat hulle blaf. (9 woorde)

XXXX

9. Gereelde sosialisering en deeglike opleiding is belangrik. (7 woorde)

Opsomming

Alle ongewenste gedrag kan na drie basiese instinkte herlei word. Honde wil deel van 'n trop wees met iemand as leier. Jagtersinstink is deel van 'n hond. Honde het die instink om homself en sy gebied te beskerm. Blaf is vir honde 'n vorm van kommunikasie. Hoe daar op 'n hond se geblaf gereageer veroorsaak of hy blaf. Uitsluiting uit hulle huise laat hulle blaf. Hoë stresvlakke by eenaars, asook by honde self, lei daartoe dat hulle blaf. Gereelde sosialisering en deeglike opleiding is belangrik en voorkom 'n geblaffery.

[89 woorde]

Aktiwiteit 93: Die studie van die letterkunde – drama

Aktiwiteit 94: Skryf 'n onderhoud

Aktiwiteit 95: Sinsleer

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Leerders skryf die sinne oor in die indirekte rede:
 - 1.1 “Wat sê jy daar?” vra Olifant wat daar aankom (paragraaf 3).
Olifant vra vir Leeu wat hy gesê het.
 - 1.2 “Jy weet mos watter snert 'n man kan praat as hy te veel gedrink het.” (paragraaf 5)
Leeu sê dat olifant mos weet watter snert 'n man kan praat as hy te veel gedrink het.
2. Leerders skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm:
 - 2.1 Hy drink 'n hele klomp water uit die poel (paragraaf 1).
Daar word 'n hele klomp water uit die poel gedrink.
 - 2.2 Ná die tyd staar hy na sy weerkaatsing in die water (paragraaf 1).
Daar word na die tyd na sy weerkaatsing in die water gestaar.
3. “Ag, somer niks,” lag Leeu verleë. Hierdie sin is 'n voorbeeld van ontkenning. Skryf nou die volgende sinne oor in die ontkenkende vorm:
 - 3.1 Het jy al ooit gehoor van 'n leeu wat dronk word van water?
Het jy nog nooit gehoor van 'n leeu wat dronk word van water nie?
 - 3.2 Iemand het Leeu goed op sy plek gesit!
Niemand het die leeu goed op sy plek gesit nie.
4. Skryf die sinstipes waartoe die volgende sinne behoort, neer.
 - 4.1 “Wat sê jy daar?” (paragraaf 3). **Spesifieke vraagsin.**
 - 4.2 Hy drink 'n hele klomp water uit 'n poel. **Stelsin.**

Strokiesprent

5. 'n Vlakvarksog en 'n vlakvarkbeer (raampie 1) is die twee geslagte van 'n vlakvark. Gee nou die teenoorgestelde geslag van die volgende:

- 5.1 makouwyfie – **makoumannetjie**
 - 5.2 rooibokram – **rooibokooi**
 - 5.3 koedoebul – **koedoekoei**
 - 5.4 wolf – **wolvin**
 - 5.5 bulkalf – **verskalf**
 - 5.6 merrievul – **hingsvul.**
6. Bestudeer die sin “Hy is meer aggressief...” in raampie 2.
- 6.1 Vorm ’n persoonsnaam van die woord *aggressief* in raampie 2. **Aggressor.**
 - 6.2 Gee die ander vergrotende trap van “meer aggressief”. **Aggressiewer.**
7. Skryf vlakvark se woorde in raampie 3 oor en verander die voornaamwoorde wat gebruik is.
- Nee, dis al waaraan ek nou kan dink.**

Aktiwiteit 96: Geïntegreerde taalleer

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Leerders haal die infinitief uit paragraaf 1 aan.
Om te luister.
2. Die woord *eintlike* word in paragraaf 1 gebruik. Gebruik nou die woord *eindelik* in ’n sin.
Ons het eindelijk ons bestemming bereik.
3. Leerders bestudeer die woord *luister* in paragraaf 1.
 - 3.1 Die woord *luister* kom ook in ’n vaste verbinding voor. Gebruik nou dié vaste verbinding in ’n goeie sin.
Die akteur se teenwoordigheid het luister verleen aan die fondsinsamelingsprojek.
 - 3.2 Watter betekenisverandering sal dié woord ondergaan as dit ontrond uitgespreek word?
Dit sal dan na lyster (voël) verwys.
4. Die woord *westekant* (paragraaf 2) word vas geskryf. Skryf nou die volgende sin oor en verbeter ten opsigte van die los en vas skryf van woorde: Die seun loop strand toe om na die walvisse wat ander kant die rotse swem, te kyk. Aan die ander kant, kan hy ook soon toe stap om na die dolfyne te gaan kyk.
Die seun loop strand toe om na die walvisse wat *anderkant* die rotse swem, te kyk. Aan die ander kant, kan hy ook *soontoe* stap om na die dolfyne te gaan kyk.
5. Wat is ’n ouditorium (paragraaf 2)?
Gehoorsaal.
6. Paragraaf 3 begin met die woord *Juis*. Hierdie is nie ’n volledige sin nie. Skryf dié sin volledig oor binne die konteks van die teks.

Dit is juis lekker omdat dit so ver van die see af is.

7. Haal klanknabootsende woorde uit paragraaf 3 aan en dui aan watter klank nageboots word.

Die woorde *dawerend terugplons* is klanknabootsing van die geluid wat die water maak as die walvisse terugval in die water.

8. Die woord *luggat* (paragraaf 3) is van toepassing.

8.1 Waarom word dié woord met twee g's gespel?

Dit is 'n samestelling van twee woorde waarvan die eerste op 'n "g" eindig en die tweede met 'n "g" begin.

8.2 Skryf die verkleining van dié woord in die volgende sin neer: Die walvis het beslis nie 'n klein (*luggat*) nie. **Luggatjie.**

9. Die woord *abba* (paragraaf 4) is 'n palindroom. Dit is 'n woord wat van agter na voor gelees, dieselfde woord oplewer bv. Lepel. Haal nog 'n voorbeeld uit die teks aan.

Soos.

10. Gebruik die kern van die woord *voëlklip* (paragraaf 4) as 'n bepaler in 'n samestelling.

Enige woord met die woord *klip* as bepaler: klipmuur, ensovoorts.

11. Watter betekenisverandering sal die woord *bereik* (paragraaf 4) ondergaan as dit oorrond uitgespreek word?

Dit sal dan *beruik* wees. Die hond beruik die vreemdeling se broek.

12. Waarvoor staan die afkorting ha. (paragraaf 6)?

Hektaar.

13. Vorm 'n teenwoordige deelwoord van die woord tussen hakies in die volgende sin: Sy het 'n (help) hand na die gemeenskap uitgesteek. **Helpende.**

14. Let op die telwoorde wat in paragraaf 8 voorkom.

14.1 Haal 'n bepaalde hooftelwoord uit dié paragraaf aan. **Duisend / veertig.**

14.2 Haal 'n onbepaalde rangtelwoord uit dié paragraaf aan. **Meeste.**

15. Skryf die afkorting van die woord *September* (paragraaf 8) neer. **Sep. of Sept.**

16. Die woord *waterval* kom in paragraaf 10 voor. Skryf die volgende oor en redigeer: Die man met die bril (**bril**) het die toerisme (**toeriste**) na Assegaibos geneem en vir hulle die watervalle (**waterval**) gaan wys.

17. Herskryf die sin in paragraaf 11 en begin met: "Jou hond... **kan ook langs een van die roetes vir 'n stappie in die berge geneem word.**"

Verrykingsvraag

18. Let op funksiewisseling en bepaal die volgende woordsoorte binne sinsverband:

18.1 "...'n **spuit** of twee verbeel" (paragraaf 3)

Selfstandige naamwoord. Soortnaam.

18.2 "...maar **eina** kan vloei" (paragraaf 10).

Bywoord van wyse.

Week 29 en 30

Die wonders van die wêreld ...

Aktiwiteit 97: Luisterbegrip – die wonderwêreld van medisyne

Lees die onderstaande teks presies volgens die instruksies tussen hakies of speel die voorlesing op die CD vir die klas voor:

Wondermedisyne

1. **Baie** (*beklemtoon*) van die jongste uitvindings van die mediese wetenskap **lyk soos 'n lys nuut vrygestelde wetenskaplike flikse** (*lees stadig en duidelik*). Daar is egter baie van **dié uitvindings** (*duidelik*) wat dit binnekort vir jou moontlik kan maak **om tot ver in die 21ste eeu te leef** (*lees hard en afgemete*). Kom ons kyk na vier van die uitvindings.
2. **Baie van ons ken die geloof** (*hard*) dat jy hande vol vitamines moet sluk wanneer jy die eerste krappigheid in jou keel voel. Dit kan vir Suid-Afrikaners iets van die verlede wees wanneer hulle slegs hul **T-hemde** (*beklemtoon*) hoef aan te trek. 'n Japane klerevervaardiger maak klere wat die **chemikalieë bevat wat vitamien C aan die draer se liggaam sal vrystel** (*benadruk*). Plaaslike wetenskaplikes is egter nie heeltemal oortuig van die doeltreffendheid hiervan nie en volgens hulle is die **onstabiele van vitamien C** (*benadruk*) een van die redes.
3. Belgiese wetenskaplikes neem hierdie **"klere van die toekoms"** (*dui aan deur twee aanhalingstekens met die vingers te maak*) nog 'n stappie verder. Hulle **"i-drag"** (*dui aanhalingstekens aan*) (*intelligente drag*) sal daartoe in staat wees om die huidige funksies van selfone en rekenaarjies te verrig, en sal ook met **sensors toegerus wees** (*duidelik*) wat die **draer se gesondheid monitor – soos om die hartklop, bloeddruk en temperatuur te meet** (*beklemtoon*).
4. Nog 'n nuwigheid wat eersdaags vervaardig kan word, is **eetbare inentings** (*harder*). Plante word byvoorbeeld geneties verander om **virusproteïene, sogenoemde antigene**, (*stadig en duidelik*) te vervaardig wat die **menslike immuunstelsel** (*harder*) stimuleer. Hierdie antigene kan óf van die geneties aangepaste organisme geïsoleer word, óf uit vrugte of groente vrygestel word wanneer dit geëet word.
5. Uitgebreide navorsing word ook gedoen oor **kriofonika** (*duidelik sodat leerders dit reg kan spel*) - die wetenskap wat die afkoel van liggame behels sodat ontbinding nie meer plaasvind nie. Die doel hiervan is dat dit iewers in die toekoms moontlik sal wees om ons **liggame te ontdooi, die bevriesingskade te herstel** (*stadig en duidelik*), en terselfdertyd die **toestand** (*beklemtoon*) wat ons **dood veroorsaak het** (*hard*), te behandel.

6. Daar word voorsien dat die ontwikkeling van mediese nanotegnologie (*stadig en duidelik*) die basis sal vorm vir die opwekking en regenerasie van 'n bevrore liggaam. Nanotegnologie beteken om dinge atoom vir atoom te manipuleer (*hard*).

Uit *Archimedes*, November 2001, bl. 26.

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waarmee kan die nuutste wondermedisyne vergelyk word?
Dit lyk soos 'n lys nuut vrygestelde wetenskaplike flikse.
2. Watter uitwerking kan dié medisyne hê?
Dit kan die mens langer laat leef.
3. Watter siekte kan in sy spore gestuit word deur die drink van handevol vitamienes?
Verkoue of griep.
4. Haal 'n fragment uit die luisterteks om aan te dui dat dit slegs 'n mening is dat die drink van vitamienes die krapperigheid in die keel kan stuit.
“Baie van ons ken die geloof...”
5. Waarom sal die vitamine C T-hemp volgens wetenskaplikes nie werk nie?
Die onstabiliteit van vitamine C word as rede aangevoer.
6. Watter ander logiese redes kan jy aanvoer waarom dit nie kan werk nie?
Leerders se eie antwoorde: 'n Mens was tog 'n T-hemp nadat dit gedra is. Hoe gaan dié chemikalieë aanby? Is dit werklik moontlik om dié vitamine deur die vel op te neem? Enige logiese antwoord.
7. Waarvoor staan “i-drag”?
Intelligente drag.
8. Hoe weet jy dat “klere van die toekoms” in aanhalingstekens geplaas is? Waarom is dié woorde in aanhalingstekens geplaas?
Die onderwyser het aanhalingstekens met 'n gebaar aangedui. Dit word daardeur uitgehef.
9. Watter siektes kan die “i-drag” help diagnoseer? Maak jou eie afleiding uit die luisterteks.
As dit hartklop, bloeddruk en temperatuur kan meet, sal dit waarskynlik hartaanvalle, beroertes en dalk siektes soos verkoue en griep kan diagnoseer.
10. Gee 'n ander woord vir *geneties verander*.
Geneties manipuleer.
11. Verduidelik in jou eie woorde hoe eetbare inentings werk.
Die mens eet die vrugte of groente wat geneties verander is om virusproteïene (antigene) te vervaardig om sodoende 'n mens se immuunstelsel te stimuleer.
12. Wat is kryptonika?
Die afkoel van liggame sodat ontbinding nie plaasvind nie.

13. Wat beoog dié wetenskaplikes wat ktronika navors?

Hulle beoog om die mens se liggaam te ontdooi en dan die bevringskade te herstel. (Om die persoon weer lewend te maak.)

14. Wat is nanotegnologie?

Om iets atoom vir atoom te manipuleer.

Aktiwiteit 98: Die illustrasie onder die loep...

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die prent in die middel. Dié illustrasie is groter geteken om die aandag daarop te vestig.

1.1 Wat word hierdeur te kenne gegee? (Wat is die doel daarvan dat dié prent so groot geteken is?) (1)

Dit beklemtoon dat 'n mens in die toekoms baie oud kan word as gevolg van die nuwe tegnologiese uitvindings. (1)

1.2 Wat in dié prent kan as 'n hiperbool gesien word? (1)

Die man se baard is onnatuurlik lank. (1)

1.3 As die man se gesigsuitdrukking in ag geneem word, waarom is dié prent ironies? (2)

Die man lyk ongelukkig. Dit is ironies, want die man is veronderstel om bly te wees omdat hy so lank leef (so oud geword het). (2)

2. Prent 1 het betrekking.

2.1 Waarna kyk die man in dié prentjie? (1)

Hy kyk na die T-hemp wat hy aan het. (1)

2.2 Watter ander tegniek word aangewend om dit waarna die man kyk, uit te hef? (1)

Die swaartse strepe vestig ook die aandag op die T-hemp. (1)

2.3 Beskryf sy gesigsuitdrukking in net een woord. (1)

Enige gepaste antwoord. Dit moet slegs één woord wees. Ingenome of verwonderd. (1)

3. Bestudeer prent 2 noukeurig. Watter verband is daar tussen die man se gesig en die wortel? (1)

Die man kou die stukkie wortel wat hy afgehap het. (1)

4. Waaruit kan jy aflei dat die man in prent 3 dood is? (1)

Sy oë is toe en hy het nie 'n uitdrukking op sy gesig nie. (1)

5. Prent 4 stel 'n futuristiese vrou voor. Wat dink jy sal in die raampie op haar bors staan? (1)

Volgens die teks kan dié i-drag die bloeddruk, temperatuur en hartklop bepaal. Een van dié metings sal dus in die raampie op haar bors staan. Dit gaan ook die rekenaar en selfoon vervang, dus kan dit iets wees wat 'n mens gewoonlik op 'n rekenaar of selfoon kry. (1)

Aktiwiteit 99: Opsomming van luisterteks

Voorgestelde antwoord

Kerngedagtes van die vier uitvindings

1. Japanese klerevervaardigers, T-hemp, chemikalieë, vitamine C, liggaam vrystel
2. Belgiese wetenskaplikes, Klere i-drag, sensors, monitor gesondheid, meet hartklop, bloeddruk en temperatuur
3. Eetbare inentings, plant geneties verander, produseer virusproteïene, antigene, stimuleer immuunstelsel, vrugte en groente
4. Kryptonika, koel liggame af om ontbinding te keer, herstel bevringskade, mediese nanotegnologie, opwek en regenerasie van bevrore liggaam

Volsin oor elke uitvinding

1. Die nuwe Japanese T-hemp stel chemikalieë wat vitamine C bevat, aan die draer se liggaam vry en voorkom so siektes. (20 woorde)

XXXX

2. In België word I-drag vervaardig. Die klere bevat sensors om gesondheid te monitor en hartklop, bloeddruk en temperatuur te meet. (20 woorde)

XXXX

3. Vrugte en groente word geneties gemanipuleer om virusproteïene, genoem antigene, te vervaardig wat die immuunstelsel stimuleer wanneer dit geëet word. (20 woorde)

XXXX

4. Nanotegnologie beteken om iets atoom vir atoom te manipuleer. Mediese nanotegnologie sorg vir die opwekking en regenerasie van bevrore liggame. (20 woorde)

Opsomming van luisterteks

Wondermedisyne wat die mens langer sal laat leef

Die nuwe Japanese T-hemp stel chemikalieë wat vitamine C bevat, aan die draer se liggaam vry en voorkom so siektes. In België word I-drag vervaardig. Die klere bevat sensors om die gesondheid te monitor en hartklop, bloeddruk en temperatuur te meet. Vrugte en groente word geneties gemanipuleer om virusproteïene, genoem antigene, te vervaardig wat wanneer dit geëet word, die immuunstelsel stimuleer. Nanotegnologie beteken om iets atoom vir atoom te manipuleer. Mediese nanotegnologie sorg vir die opwekking en regenerasie van bevrore liggame.

[80 woorde]

Aktiwiteit 100: Die wonderwêreld van dinosourusse

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Leerders bestudeer die visuele uitbeeldings noukeurig. Watter verskil is daar tussen dié twee uitbeeldings?

Die eerste is 'n foto van die gefossileerde dinosourus, terwyl die tweede 'n illustrasie is van hoe die dinosourus moontlik kon gelyk het.

2. Leerders bestudeer die titel noukeurig.

2.1 Watter woord word in die titel uitgehef?

Mense-babas

2.2 Van watter tegniek is gebruik gemaak om dié woord te beklemtoon?

Die woorde is groter as die res van die titel gedruk.

2.3 Die titel is nie 'n volledige sin nie. Skryf dié sin volledig neer.

Suid-Afrika se bloedjong dinosourusse is baie soos mense-babas.

2.4 In die titel is daar 'n skynbare teenstrydigheid. Verduidelik.

Die woorde “bloedjong” staan in teenstelling met “dinosourus” wat 'n prehistoriese dier is.

3. Die vergelyking wat in die titel voorkom, word in die eerste paragraaf uitgebou. Skryf die raakpunte van die vergelyking neer.

Albei is onbeholpe en kan nie vir hulleself sorg nie (tandeloos en kan nie loop nie).

4. Watter woorde in die inleidingsparagraaf dui op die skrywer se onsekerheid ten opsigte van die stelling wat gemaak is.

Die gebruik van woorde *wel, ten minste* en *moontlik* dui op sy onsekerheid.

5. Watter funksie verrig die ellips aan die einde van die inleidingsparagraaf?

Dit betrek die leser om dit in sy gedagtes te formuleer en 'n sekere emosionaliteit word daardeur bewerkstellig.

6. Bestudeer paragraaf 1 noukeurig. Wat is die funksie van die dubbelpunt in hierdie paragraaf?

Dit verduidelik waarom dit as amptelik geklassifiseer kan word.

7. Dui die verband tussen paragraaf 1 en paragraaf 2 aan.

Dit is aaneenskakelend en die inhoud sluit by mekaar aan en word verder uitgebrei.

8. Watter verskuilde betekenis lê opgesluit in die woorde *rond te skarrel* (paragraaf 2)?

Dat hulle baie besig is en oral rond kan beweeg.

9. Watter funksie verrig die aandagstreep in paragraaf 3?

Dit vestig die aandag daarop dat die grootmaak van die dinosourusse baie eise aan die ouers gestel het.

10. Watter afleiding kan die leser maak uit die laaste deel van paragraaf 3?

Dat akkedissies op hulle eie kan oorleef.

11. Ses gefossileerde dinosourus-embrio's is reeds in 1978 in Suid-Afrika ontdek – onder die, volgens wetenskaplikes, 183 miljoen jaar oue Drakensberglawavloei. (paragraaf 4).

11.1 Skryf slegs die feit uit bostaande sin neer.

Ses gefossileerde dinosourus-embrio's is reeds in 1978 in Suid-Afrika ontdek –

11.2 Skryf slegs die mening uit bostaande sin neer.

– onder die, volgens wetenskaplikes, 183 miljoen jaar oue Drakensberglawavloei.

11.3 Verduidelik wat met Drakensberg-lawavloei bedoel word.

183 miljoen jaar gelede was daar 'n vulkaniese uitbarsting in dié gebied en dié lawa het oor die dinosourus-eiers gevloei.

12. Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as...

12.1 Deskundige op die gebied van oudhede. **Argeoloog (paragraaf 3).**

12.2 Breekbaar, onseker, swak, verganklik. **Broos (paragraaf 3).**

13.3 Iets wat jou sprakeloos laat, wat jy nie kan glo nie. **Verstommend (paragraaf 5).**

13. Watter verband is daar tussen paragraaf 4 en 5?

Teenstellende verband. Aanvanklik was hulle huiwerig om die eiers oop te kap, maar in die volgende paragraaf het hulle besluit om wel twee van die eiers te kraak.

14. Verklaar die skuinsdruk in paragraaf 6.

Dit dui op die wetenskaplike benaming van die dinosourusspesie.

15. Bestudeer paragraaf 6 met aandag.

15.1 Watter twee woorde in dié paragraaf beteken presies dieselfde?

Era en tydperk

15.2 Haal 'n klanknabootsende woord uit dié paragraaf aan en skryf neer watter klank nageboots word.

Knabbel. Dit is die geluid van die eet-aksie.

15.3 Verduidelik wat met die woord *rondgedool* bedoel word?

Doelloos ronddwaal

16. Wat beteken die woord *allig* (paragraaf 8)?

Waarskynlik, moontlik.

17. Leerders bestudeer die laaste sin in paragraaf 8.

17.1 Waarom word (mense) tussen hakies geskryf?

Dit is ter verduideliking vir die leser na wie die *ons* verwys.

17.2 Waarom die gebruik van die enkel aanhalingstekens by '*uitgeborei*' (paragraaf 8)?

Binne 'n aanhaling word 'n woord buite konteks gebruik.

Aktiwiteit 101: Die studie van die letterkunde – drama

Aktiwiteit 102: Die wonderwêreld van die woord – skryf 'n opstel

Aktiwiteit 103: My eie spellys

Aktiwiteit 104: Die wonderwêreld van slaap

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf **een woord** uit paragraaf 2 neer waarin een letter twee verskillende klanke voorstel en dui aan.
Helder of **verkeerde**.
2. Skryf 'n woord uit paragraaf 6 neer waarin twee letters één vokaal voorstel en dui aan.
Tien.
3. Skryf 'n woord uit paragraaf 11 neer waarin twee letters een konsonant voorstel en dui aan.
Gang.
4. Hoe verskil die onderstreepte klanke in die woorde **dit** (paragraaf 2) en **bevind** (paragraaf 3) ten opsigte van stem en uitspraak?
Die eerste word as 'n d uitgespreek en die tweede as 'n t. Die eerste dra stem en die tweede is stemloos.
5. Skryf die volgende sin oor en plaas die korrekte aksenttekens op die vetgedrukte woorde sodat dit beklemtoon word:
“Jy moet óók nie te lank slaap nié.” (paragraaf 11).
6. Verduidelik hoe ontronding die betekenis van die woord *bestuur* (paragraaf 5) kan verander.
Die woord verander dan in *bestier* wat beteken beskik: As God dit so bestier, sal ons dit doen.
7. Die woord *oë* is afgelei van die Nederlandse woord *ogen*. Vergelyk dié woorde. Wat merk jy op? Verduidelik.
Die Nederlandse woord *ogen* bevat meer klanke. Die “g” en die “n” is dus weggelaat in die vorming van *oë*.
8. Haal 'n woord uit paragraaf 12 aan waarin die vokaal gereduseer word tot 'n *i*-klank. Dui aan hoe die klankverswakking plaasgevind het.
Manier word uitgespreek as minier.
9. Verduidelik hoe die uitspraak van die woorde *minder* (paragraaf 3) sal verander as elke letter nie geartikuleer (uitgespreek) word nie.
Die woord *minder* word uitgespreek as *minner*. (Die klank het geheel verdwyn, dus het algehele assimilasië plaasgevind.)

Aktiwiteit 105: Toets